



# Suid-Afrika Verkieping 2019



Op 8 Mei 2019 gaan Suid-Afrika nog 'n beslissende nasionale verkiesing hou. Meer as ooit tevore is dit ons verantwoordelikheid om te bid vir ons land, sy mense, leiers, regering en parlement. Ons word herinner aan die bemoediging in 2 Kronieke 29:11, dat dit nie 'n tyd is om nalatig te wees in gebed, vas en toewyding aan God nie. Ons wil Gelowiges aanmoedig om hulleself toe te wy aan gereelde tye van vas en gebed, soos die Heilige Gees u oortuig en lei in die volgende paar weke voor die verkiesing. Hierdie dokument stel riglyne vir gebed voor, asook idees om ander te mobiliseer om by gebed betrokke te raak.

## A. Nasionale Gebedsinisiatief vir die verkiesing

Verskillende gebedsinisiatiewe vir die verkiesing sal deur bedieninge regoor die land geloods word. Die Nasionale Gebedsinisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk sluit gereelde hersiene gebedspunte in wat deur middel van 'n WhatsApp-uitsendinglys, die *Jericho Walls Prayer Room*, uitgestuur sal word. Om in te skryf vir hierdie opgedateerde gebedsinligting, om vir Suid-Afrika te bid, stuur asseblief 'n WhatsApp-boodskap met jou naam en van na **+27 84 989 8000**. Onthou om hierdie nommer in u kontaklys te stoor.

## B. Gebedsriglyne vir die verkiesing

Die volgende is enkele basiese riglyne om ons te help om te bid vir sommige van die belangrikste sake in ons land, tydens die voorbereiding vir die nasionale verkiesing. Die belangrikste aspekte is korrupsie, die ekonomie, rassisme en geweld. Indien dit nie hanteer word nie, kan hierdie aspekte die land tot anargie lei, 'n ineenstorting van wet en orde, uitbrake van geweld met ernstige vernietiging van eiendom en infrastruktuur en die sinnelose dood van mense.

Terwyl ons bid, is dit belangrik om te onthou dat ons onself aan die Heilige Gees moet onderwerp en voortdurend Sy leiding vra oor wat om te bid. Ons moet Hom toelaat om ons te lei en vir ons uit die Skrif te openbaar wat ons moet bid wat verband hou met ons nasie of die verkiesing.

### 1. Persoonlike verantwoordelikheid van elke Christen

1 Timoteus 2:1-4 *In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.*

Bid asseblief vir Christene regoor die land om hul verantwoordelikheid op te neem om voortdurend te bid vir alle politieke leiers en mense wat hulself as kandidate verkiesbaar gestel het, ongeag hul politieke sienings. Bid dat alle negatiewe praatjies en kritiek vervang sal word met ywerige, gebede gevul met geloof, want ons God reageer op geloof en hoor die gebed van mense wat in die regte verhouding met Hom staan.

## **2. Geweld, anargie, plundering en vandalisme**

Matteus 16:19 *En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.* Kom ons gebruik die gesag wat die Here Jesus Christus aan die Kerk gegee het om die geeste van geweld, anargie, plundering en vandalisme te bind en te weerstaan.

Bid asseblief dat mense wat hulself aan hierdie boosheid en dade skuldig maak, gearresteer en geregtiglik vervolgt sal word. Bid ook dat hulle van hulle verkeerde weë sal afstand doen en dat hulle vreedsame maniere sal vind om hul menings uit te spreek.

## **3. Korrupsie**

2 Petrus 2:19 *Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword.* Efesiërs 4:22 ... *dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan...* Oor die afgelope twee tot drie jaar is verskeie groot nasionale korrupsie sindikate en aktiwiteite blootgelê. Miljarde rande is verduister. Meer korrupsie word amper daagliks blootgelê. Een van die grootste probleme is dat baie min mense wat skuldig bevind is, op die oomblik in die gevangenis is.

Aangesien korrupsie blootgelê word en mense van hulle posisies verwyder word, moet ons vir verantwoordelike en gekwalifiseerde individue bid om daardie poste te vul en sodoende effektiewe, eerlike werk te lewer.

## **4. Onderliggende ideologieë van sosialisme, kommunisme, humanisme, materialisme en sekularisme**

2 Korintiërs 10:4-6 ...*want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.*

Bid dat burgers van Suid-Afrika die gevaar en misleiding van sosialisme, kommunisme, humanisme, materialisme en sekularisme sal onderskei. Laat ons met vrymoedigheid tot die genadetroon nader om te vra vir die vernietiging van elke argument en hoë ideologie wat teen God se wil vir Suid-Afrika geopper word. Bid dat mense uit ideologiese vestings en denkwyses bevry sal word wat deur misleidende argumente gebou word. Bid ook dat hulle nie deur manipulasie, intimidasie en leiding deur politici, wat goeie charisma en die vermoë het om emosies op te stook, beheer sal word nie. Bid dat Suid-Afrika van demoniese owerhede en magte bevry sal word wat gesag gekry het weens die toename van wetteloosheid, boosheid, bloedvergieting en afgodery in ons land.

## 5. Blootstelling van leuens en valse nuus

Efesiërs 5:6-11 *Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid. Wees dan nie hulle deelgenote nie. Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig. Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid. En beproef wat die Here welbehaaglik is; en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liever.*

Bid dat God deur sy Heilige Gees alle leuens, valse beloftes, verborge motiewe en onheilige alliansies tussen mense (op 'n menslike vlak) en tussen mense en geestelike magte van die duisternis (op geestelike vlak) sal ontbloot en vernietig. Bid dat mense valse nuus in die gedrukte media sowel as op alle sosiale media-platforms sal herken en onderskei. Valse nuus is daarop gemik om die nasie te destabiliseer en rassevrees en aggressie te vererger.

## 6. Veiligheid en sekuriteit

Jakobus 3:14-18 *Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveer. En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak.*

Bid dat vrede voor, tydens en na die verkiesing sal heers, ongeag die uitslag. Bid dat geweld nie sal opduik nie en dat vredemakers in alle gemeenskappe geestelike gesag in gebed oor hul gemeenskappe sal neem. Bid vir effektiewe polisiëring en dat mense aktief sal werk vir vrede, versoening en positiewe nasiebou, in plaas van geweld, aggressie en vernietiging van gemeenskappe. Bid dat die interne magstryd tussen politici opgelos sal word deur konstruktiewe dialoog en respek vir lewens en eiendom.

## 7. Die verkiesingsproses

Deuteronomium 1:13 *Bring tog wyse en verstandige en ervare manne aan volgens julle stamme, dat ek hulle as julle hoofde kan aanstel.*

Bid dat die verkiesingsproses vry en regverdig sal wees, sonder omkoperij, manipulasie, intimidasie of die onderduimse beïnvloeding van kiesers. Bid dat alle verkiesingspersoneel landwyd eerlik sal wees en dat die verkiesingsproses sonder hindernisse, korrupsie of geweld sal verloop. Bid dat alle versteekte skemas en planne, om die proses te bederf, blootgestel sal word en dat oortreders in hegtenis geneem sal word. Vra dat die Kerk groot wysheid en onderskeidingsvermoë sal hê in ons betrokkenheid by die verkiesing; om nie mislei en gebruik te word deur politici vir politieke of persoonlike gewin nie.

## 8. Leierskap

Daniël 2:20 *Daniël het toe gespreek en gesê: Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid, want die wysheid en die krag is syne. Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig*

*het; Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom.*

Bid dat God die leiers van sy keuse vir hierdie seisoen in Suid-Afrika sal aanstel. Bid dat Hy Suid-Afrikaners sal help om wys en reg te kies sodat Sy wil geskied in ons land. Bid dat, ongeag die uitslag van die nasionale verkiesing, die Evangelie ongehinderd verkonding sal word in ons land sodat baie mense Jesus Christus die Here van hulle lewens sal maak. Vra God vir 'n seisoen van genade, versoening, herstel en herlewing. Bid dat God ons van bese leiers sal beskerm, ongeregtigheid sal beperk en dat enigiemand met bese bedoelings nie verkies sal word nie. Bid by naam vir die kandidate in jou omgewing, dat hulle gewetens aangewakker sal word deur Heilige Gees om hul te oortuig van bekering, belydenis, verlossing en kennis te neem van gehoorsaamheid aan die waarheid in Christus Jesus. Bid dat diegene wat verkies word, die mense van die land sal dien en 'n wil sal hê om God se doelwitte vir Suid-Afrika na te streef.

## **9. Verkiesingsdag**

*Hebreërs 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.*

Bid vir die dag van die verkiesing op 8 Mei 2019. Ons het vrede in die land nodig om 'n vrye en regverdige verkiesing te hê. Kom ons buig voor God en versoek Hom om vir ons 'n vreedsame verkiesing te gee volgens Sy plan en doel vir ons nasie en dat die vrede van God op daardie dag sal heers. Bid dat baie kerke tye van gebed sal organiseer op die dag van die verkiesing, om te bid dat vrede en geregtigheid sal heers.

## **10. Seën ons land**

Spreek daagliks 'n seën oor ons land en almal wat daarin woon.

*Mattheus 5:3-12 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Salig is die wat vervolgt word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgt en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolgt wat voor julle gewees het.*

## **C. Strategie om ander te mobiliseer om by gebed aan te sluit**

Dit is van die uiterste belang dat gelowiges oor godsdienstige en rassegrense in hierdie tyd sal deelneem aan individuele sowel as korporatiewe gebed vir deurbrake in ons land. Daar is verskillende maniere waarop dit gedoen kan word. U kan een of meer van die volgende moontlike strategieë oorweeg.

- 1. Persoonlike gebedstyd.** Bid oor een gebedspunt per dag of 'n week lank vir die land en die komende verkiesing as deel van jou persoonlike gebedstyd van nou af tot die verkiesing in Mei.
- 2. Korporatiewe gebedstye.** Oorweeg om enige groepe waarby u by die kerk of werk betrokke is, uit te nooi om deel te neem aan spesifieke gebed vir die verkiesing. Dit kan jou Bybelstudiegroep, gebedsgroepe by die kerk, skool of werk insluit, voor en tydens kerkdienste, ens.
- 3. Kerk bulletins.** 'n Paar gebedswenke kan in die kerkbulletin, wat mense huis toe kan neem of op sosiale media bladsye bv. Facebook, Twitter of Instagram, geplaas word. Hierdie gebedsgids kan op u webwerf beskikbaar gestel word, per e-pos gestuur word of deur middel van enige ander kommunikasiemedium aan Gelowiges versprei word.
- 4. Bid oral.**
  - a) Skole.** Oorweeg om 'n gebedsgroep met ander ouers by die skool te begin. U kan 20 minute spandeer voor die skool begin, tydens pouse (veral as jy 'n onderwyser by 'n skool is), of net voor jy die kinders by die skool afhaal.
  - b) Werkplek.** U kan 'n paar mense nooi om saam te bid tydens middagete, voor werk of net 'n paar minute na werk.
  - c) In die gemeenskap.** Vind uit waar verskillende stemstasies in jou area opgestel gaan word en deel hierdie inligting met ander gelowiges. U kan oorweeg om eenkeer per week te bid op die plek waar stemstasies opgestel gaan word.
  - d) Polisie kantore, sekuriteitsfirmas.** Op stemdag sal effektiewe polisiëring en sekuriteit 'n belangrike rol speel. Oorweeg om te bid op hierdie plekke soos die Heilige Gees jou lei. Neem 'n polisie kantoor en sy personeel in u area aan om voor te bid. Nooi kerke in die omgewing uit om dieselfde te doen. U kan ook oorweeg om te bid by die plaaslike munisipaliteit, vir die burgemeester, ens. soos die Heilige Gees u groep lei.

## **D. Voortgesette gebed vir SA gedurende 2019**

Ons moet ook gedurende 2019 vir Suid-Afrika bid aangaande ander belangrike sake.

### **1. Werk**

2 Tessalonissense 3:10 *Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.* Daar is tans duisende werkloses in ons land. Sommige het opgegee om werk te soek, terwyl ander misdaad gebruik om in hul basiese behoeftes te voorsien.

Bid vir meer volhoubare sakegeleenthede wat ook werkgeleenthede vir werkloses sal skep. Bid vir 'n 'wil om te werk' onder mense, vir diegene wat in diens is om 'n dankbare hart te hê, en vir 'n vrygewige gees in diegene wat ander kan help om werk te kry - nie noodwendig aalmoese nie. (2 Tess.3:8b).

### **2. Landwye volhoubare energievoorsiening**

Kolossense 3:23-24 *En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus.*

Bid vir die situasie rondom die versekering van landwyse energievoorsiening. Dra diegene in leiersposisies, met die verantwoordelikheid om moeilike situasies aan te spreek en sinvolle maatreëls te implementeer om hierdie situasie om te keer, op in gebed. Bid vir die effektiewe voorsiening van steenkool, die verspreiding en gebruik van wind- en sonkrag, asook die verkenning van nuwe energiebronne in ons land. Bid vir 'n sinvolle deurbraak in die bedrywighe van Eskom.

### **3. Onderwys**

Jesaja 11:2 *...en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.*

Bid vir die onderwysstelsel, kurrikulum en bedrywighe in ons land, insluitend prinsipale en onderwysers in skole, dié in tersiêre onderwys en ander opvoedkundige instellings. Bid vir sinvolle en vrugbare heroorwegings van die huidige kurrikulum; dat dit leerders werklik sal bevoordeel en hulle vir die toekoms sal toerus. Bid dat leerders en studente in hul studies sal presteer, die wil en geleentheid sal hê om te werk en hulself met uitmuntende kwalifikasies te kan kwalifiseer. Bid vir die deurlopende voorsiening van studiemateriaal en skoolvoorrade in elke plek waar dit nodig is.

### **4. Behuising**

Hebreërs 13:16 *Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehag aan sulke offers.* Daar is nog duisende mense wat 'n ordentlike blyplek nodig het. Dit sluit Suid-Afrikaners, maar ook die buitelanders wat binne ons grense woon, in. 'n Sinvolle oplossing om vlugteling van omliggende lande te huisves, is baie nodig.

Bid dat die privaatsektor en die regering doeltreffend sal wees om hierdie behoeftes aan te spreek en om dit met integriteit te doen tydens die hantering van tenders, beleggings en finansies.

### **5. Gesondheid**

2 Korintiërs 9:8 *En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk.*

Bid vir 'n deurbraak in die opgradering van alle staatshospitale, die verskaffing van daaglikse medisyne en voorrade, die instandhouding van belangrike toerusting, asook die gebruik van nuwe tegnologie wat die werk van gespanne personeel op 'n beduidende wyse sal bevorder. Bid vir die veiligheid, welsyn en doeltreffendheid van bestaande mediese personeel in hierdie land, beide in die privaat en openbare sektor. Bid vir meer maniere waarop daar in die mediese behoeftes van burgers voorsien kan word.

### **6. Geweld teen die weerloses**

Jesaja 60:18 *Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie—van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof.*

Bid vir die kerk om praktiese maniere te vind om betrokke te raak in hul plaaslike gemeenskappe om alle vorme van geweld aan te spreek: huishoudelike geweld teen vroue en kinders, in die werkplek ens. Bid dat meer individue sal help met die berading van slagoffers van geweld en vir die departement van polisie om kwesbare slagoffers effektief te beskerm teen gewelddadige gedrag van hul gesins- of familielede.

### **7. Dwelmmisbruik**

1 Korintiërs 10:13 *Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.* Suid-Afrika het uiters hoë vlakke van

dwelmmisbruik, wat 'n direkte impak het op misdaad en geweld teen vroue en kinders. Dit vererger armoede en veroorsaak groot swaarkry en pyn vir gesinne.

Bid dat die bestaande programme doeltreffender bestuur word en dat akute situasies vinnig aangespreek word. Bid vir die koppeling tussen dwelmmisbruik, dwelmshandel, misdaad en onsekerheid in gemeenskappe om blootgelê te word, sodat oortreders in hegtenis geneem en gevonnissen sal word. Vra dat al hierdie netwerke gesluit sal word, nasionaal sowel as internasionale verbindings. Bid dat Christene in die omgewing sal bid by elke taverne-, sjebien- en drankwinkel in hulle omgewing, en veral dat dit gesluit sal word waar hulle naby die skoolterrein geleë is.

## **8. Korrupsie**

*Amos 5:11-12 Daarom, omdat julle die arm man vertrap en van hom 'n heffing van koring neem, het julle huise van gekapte klippe gebou, maar julle sal nie daarin woon nie; julle het pragtige wingerde geplant, maar julle sal die wyn daarvan nie drink nie. Want Ek weet dat julle oortreding menigvuldig en julle sondes geweldig is, julle wat die vyande is van die regverdige, wat omkoopgeld aanneem en die behoeftiges wegstoort in die poort.*

Vra dat korrupsie blootgelê sal word en dat die getuienis van kriminele aktiwiteite wat uit die kommissies van ondersoek kom, deur die strafregstelsel geëvalueer sal word. Bid dat, waar daar 'n basis is om te vervolg, vervolgings vinnig sal plaasvind en dat gesteelde goedere, sowel as openbare fondse, verhaal sal word. Bid dat bedrywighede in hierdie verband glad sal verloop vir die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, asook die ondersoekdirektoraat wat ernstige korrupsie en gepaardgaande misdrywe opvolg en hanteer. Bid dat kommissie van ondersoek doeltreffend sal wees om betroubare getuienis te vind wat sal lei tot die vervolging van die skuldiges.

## **9. Ekonomie**

*Spreek 3:9-10 Vereer die HERE uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos. Baie uitdagings staan die ekonomie op verskillende vlakke van die samelewing in die gesig.*

Bid vir die Heilige Gees om oplossings te gee oor hoe om die ekonomie te herstel, te stabiliseer en te groei op 'n innoverende manier wat nooit voorheen ondersoek is nie. Bid vir wysheid om buitelandse beleggings te ontvang, sodat dit op langtermyn tot voordeel van die SA ekonomie sal wees. Bid vir duidelikheid en vordering in die huidige deurlopende prosesse wat probeer om 'n hoër tempo van ekonomiese groei te bereik. Bid ook vir besorgdheid oor meer effektiewe belastinginvordering, redelike en bekostigbare uitgawes waar nodig, die stabilisering en vermindering van nasionale skuld, sowel as die bestuur van die loonrekening van die openbare sektor.

## **10. Voorsiening van veilige water en sanitasie**

*Jesaja 33:15-16 Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskulde te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie— hy sal op hoogtes woon, rotsvestings is sy burg; sy brood word hom gegee, sy water is gewis.* Die voorsiening van drinkbare water en behoorlike sanitasie bly 'n groot uitdaging in Suid-Afrika. Alhoewel daar in die afgelope jaar baie bereik is, is daar nog steeds tekortkominge.

Bid dat die privaatsektor meer prakties betrokke sal raak by die rasionalisering van bestaande watersuiweringsaanlegte in SA en vir die vestiging van meer suiweringsaanlegte in alle gebiede. Bid ook vir die verbetering van sanitasiegeriewe in informele nedersettings, by skole, in landelike gebiede, sowel as die instandhouding van bestaande aanlegte.

### **Laat ons volhard in gebed!**

Hou aan om vir elke saak van belang in Suid-Afrika te bid, soos die Heilige Gees jou in jou spesifieke invloed-sfeer lei. Moenie moeg of nalatig wees nie, maar bly getrou in volhardende gebed vir ons land en sy mense.